REDAKSIES

ADMINISTRASIE

Redaksioneel

Hallo Almal,

"The reason birds can fly and we can't is simply that they have perfect faith, for to have faith is to have wings."

Ons lees dit ook in die Bybel, kyk maar in Matteus 6:26. Ons mense hou daarvan om planne te maak vir die toekoms. Maar ons is dikwels geneig om te vergeet dat ons hulle nie alleen kan uitvoer nie. God wil altyd ingesluit word by ons beplanning. Sonder Sy arendsvlerke onder ons, sal ons onsself te pletter val.
(Ex 19:4)

Laat ons nooit vergeet om God se seën en Sy beskermende hand te vra oor ons planne nie. Daarsonder sal ons nie veel uitgerig kry nie.

***

Die Winter is hier, mense! En daarmee saam lê die Winter-vakansie amper om die draai. Wat 'n heerlike vooruitsig! Sterkte vir die mense wat egter eers hul eksamens moet klaar skryf. Ons dink aan julle!

Ons wil julle graag ook oproep om dakteëls te borg vir Johannesburg se nuwe pastorie – dis 'n ideale kans om mekaar te ondersteun.

Namens die Olielamp: Geniet die komende vakansie!

Ons hoop julle geniet hierdie uitgawe! As daar ooit idees of klagtes rond die Olielamp is, ontvang ons dit graag **skriftelik**.

Pretoria - groete
Mariëtte

IN HIERDIE UITGAWE

Redaksioneel 2
Uit die Woord 3
Christus die wynstok, ons die lote 3
"So moet julle die kinders van Israel seën deur vir hulle te sê: …" 5
Die tweede gebod 6
Oppad 8
God se toorn en liefde 8
Voel jy ook so? 10
'Practice what you preach' 10
Straf God dadelik jou sondes? 11
Die klop aan jou deur 12
Uit die mond van die suigeling 13
Voetspore 14

VOLGENDE UITGAWE

Sperdatum vir die volgende uitgawe is

DV 8 Julie 2007

(pssst… dit gaan 'n internasionale uitgawe wees!)

Uit die Woord

Christus die wynstok, ons die lote

Marita Ros

"*Ek is die wynstok, julle die lote.*" (Joh. 15:5a)

Wat beteken dit as Christus sê Hy is die ware wynstok? Hoe moet ons, die lote, ons gedra teenoor die wynstok? En hoe pas God as die boer in hierdie verhouding in? Wat kan ons van God en sy Seun, die boer en die wynstok onderskeidelik, verwag?

Jesus verwys hier na 'n baie bekende beeld. Israel word 'n paar keer in die OT met 'n wynstok vergelyk, onder andere in Ps. 80, Hos. 10:1, Jes. 5:1-7 en ook Jer. 2:21. Ons kan die kerk van Christus ook hier vergelyk met die wynstok. In Jes. 5:1-7 plant God die wynstok (Israel). Hy versorg en beskerm die wingerd soos wat hy ook ons, sy kerk, teen die aanslae van die duiwel beskerm. God gee voldoende aandag en beskerming vir sy wynstok en hoop op 'n goeie oes druiwe. Inteendeel bring die wynstok wilde druiwe voort, of soos ons wat swaar teen God gesondig het en nogsteeds sondig. In vs. 4 verklaar God dat Hy geen skuld hieraan het nie en dat die fout by die wynstok self lê en dat hy die wynstok daarvoor gaan vernietig. Ons sondes is ons eie skuld en ons het niemand anders om daaroor te blameer nie. Dis 'n ernstige waarskuwing van God, wat 'n jaloerse God is, wat Hy hier vir sy volk en vir ons vandag gee.

Stilstaan

An elderly Chinese woman had two large pots, each hung on the ends of a pole which she carried across her neck.
One of the pots had a crack in it while the other pot was perfect and always delivered a full portion of water.
At the end of the long walks from the stream to the house, the cracked pot arrived only half full.

For a full two years this went on daily, with the woman bringing home only one and a half pots of water.
Of course, the perfect pot was proud of its accomplishments.
But the poor cracked pot was ashamed of its own imperfections, and miserable that it could only do half of what it had been made to do.

After two years of what it perceived to be bitter failure, it spoke to the woman one day by the stream "I am ashamed of myself, because this crack in my side causes water to leak out all the way back to your house."

The old woman smiled, "Did you notice that there are flowers on your side of the path, but not on the other pot's side?"
"That's because I have always known about your flaw, so I planted flower seeds on your side of the path, and every day while we walk back, you water them."
"For two years I have been able to pick these beautiful flowers to decorate the table. Without you being just the way you are, there would not be this beauty to grace the house."

In Ps 80 roep Asaf vir God aan en smeek om genade. God het die muur weer afgebreek wat hy rondom sy wynstok gebou het. Hy het Israel met die ballingskap gestraf en hulle weerloos gelaat teen die heidense volke. Dit klink miskien verskriklik en op die oog af lyk dit asof die volk totaal en al ten gronde gaan. Maar God bly 'n genadige God. Hy hou sy wingerdstok in stand sodat die Messias daaruit kan gebore word en vir ons sondes betaal. Jesus Christus was die egte loot wat uit die Verbondsvolk gegroei het.

In teenstelling met hierdie 'wynstok' wat toe nie die egte was nie soos wat sy wilde vrugte bewys, kondig Jesus in Joh. 15 aan dat hy die *ware wynstok*, oftewel die Messias is. Nou is die groot vraag, dra hierdie wynstok waaraan die Here as die hemelse Boer so baie arbeid en sorg aan bestee het, wel goeie vrugte? God self sorg hiervoor. Hy onderskei tussen lote wat wel vrug dra en die wat nie vrug dra nie. Die lote wat nie vrug dra nie, neem Hy weg. Die lote wat wel vrug dra, kry ander tipe behandelings, hulle word gesnoei en skoongemaak. Hy sny die wilde en oortollige ranke af wat dalk die voortblom van die oorvloedige lote sou belemmer. Die bedoeling hieromtrent is duidelik: Almal wat aan die wynstok van Christus is, moet ook uit die geloof lewe en sy dankbaarheid betoon. As hierdie vrugte van die geloof ontbreek, lyk dit asof die geloof dood is. Die loot is hier afgesterf en word deur die Boer afgesny. Die wat wel deur die geloof lewe, bring vrugte van dankbaarheid voort. Hierdie dra van vrugte moet altyd nog ryker en oorvloediger word. Hiervoor het die Boer 'n snoeimes. Hy maak die vrugdraende lote skoon. Dis die tye van verdrukking en beproewing wat op ons pad kom, sodat ons geloof gelouter word en ons steeds nader aan God ons Vader leef. Dan dra die wynstok van God wel goeie vrugte ter ere vir Hom. God vereis van ons om uit dankbaarheid te lewe en vrugte van die geloof te toon, maar hy is ook 'n genadige God. Hy gee vir ons die krag en die Heilige Gees as middel om sy wil uit te voer. God help ons om te doen wat ons uit ons eie uit nie kan doen nie.

"*Bly in my, soos ek in julle…*", Joh 15:4. God belowe ons dat hy 'in ons' sal bly. Dis nie 'n beloning nie, maar 'n belofte van vrye genade. Hy sal sy Gees vir ons gee en sal ons, die lote, van sy so-nodige lewenssappe bly voorsien. Maar omgekeerd moet ons ook in Hom bly en ons daaglikse krag by Hom soek. Dan sal ons hemelse Vader verheerlik word deur ons lewens, soos 'n goeie vrugdraende wynstok 'n verheerliking is vir die boer.

"So moet julle die kinders van Israel seën deur vir hulle te sê: …"

Bert van der Hout

Die HERE sal jou seën en jou behoed;
die HERE sal sy aangesig oor jou laat skyn en jou genadig wees;
die HERE sal sy aangesig oor jou verhef en aan jou vrede gee.

Verskillende elemente in ons liturgie kom al van 'n ou oorsprong, al vanaf die Reformasie. Die predikant begin met die uitspreek van die votum: "Ons hulp is in die Naam…", en daarna kom die groet. Ons noem dit die seëngroet. Hierdie seëngroet aan die begin van die erediens moet ons wel onderskei met die een aan die einde van die erediens. Die seëngroet aan die begin is ontleen aan die groet waarmee die apostels hulle briewe begin. Ons lees dit in 1 Timótheüs 1:2, en in Romeine 1:7. Maar ons praat nou oor die seën aan die einde van die erediens, wat ons in Numeri 6:24-26 vind.

Moenie weg bly nie

Ons kan onsself nou die vraag vra of al die Israeliete dan altyd so ryklik geseën was. Ons moet wel onthou dat ons alleen deur die ware geloof kan ontvang dit wat die HERE ons beloof het. Dit geld vir die sakramente en die beloftes waarvan ons mag hoor en ook vir die seëninge wat in Sy huis, tydens die kerkdiens uitgespreek word. 'n Duidelike voorbeeld daarvan is Simeon en Anna. Hulle het ook die HERE se seën gesoek in Sy huis. En hulle het dan ook Sy seën ryklik ontvang.

As iemand na 'n radiodiens luister, of 'n diens op TV volg, kan hy dan ook hierdie seën ontvang? Dit is in die eerste plek belangrik dat ons verleë moet wees om die seën van die HERE te ontvang. Sy seën het ons nodig vir die lewe van elke dag. Sy bewaring is steeds onmisbaar. En ons het ook Sy Geestelike seën nodig. Die seën van die Heilige Gees wat in die waarheid lei. Die Heilige Gees is dan ook die Gees wat werk in die ware geloof en maak ook die geloof in God se kinders werksaam. En laat ons tog besef dat ons die seën van die HERE in alle opsigte nodig het. Dan sal ons seker nie maklik wegbly uit die kerk nie. Want juis daar wil die Here werk en sy seën vir ons gee. As iemand nou regtig, met goeie redes, nie by die kerk kan kom nie, en na die radiodiens luister? Vroeër was nie alle Israeliete in staat om elke Sondag, in daardie dae elke dag, na die tempel te kom nie, maar bv. net een keer in die week. Die afstande was te groot om elke dag af te lê. Sou hulle dan sonder die seën van die HERE gewees het? Ek dink nie so nie. As die priesters die volk geseën het, dan was die tempelgangers daar getuies van. En deur die ware geloof het die opregtes in Israël dus die seën ontvang. Sowel die mense wat tempel toe gegaan het, maar ook die wat op daardie stadium nie tempel toe kon gaan nie. Die priesters het die seën uitgespreek oor die hele volk, namens die HERE.

Die gemeente en die seëngroet

Die gemeente kan op die seëngroet reageer deur die "amen" te sing. Dit kan ook deur die predikant uitgespreek word. In die Bybel lees ons dat die volk Israël die woord "amen" altyd hardop uitgespreek het. Dit is die antwoord op wat gesê is, en beteken 'dit is vas en seker'. Dit is dus wel mooi as die gemeente die woord "amen" hardop uitspreek of sing. Dit laat sien dat die gemeente instem met wat die predikant namens God sê. Dit sorg ook daarvoor dat jy meer bewus is daarvan, dat die seën en die amen nie beteken, "klaar" nie, maar dat dit beteken dat ek luister na en saamstem met dit wat God vir my te sê het.

Bronne:
GRONDLIJNEN IN DE LITURGIE Ds. R. D. Anderson
Ds. P. Mulder

Die tweede gebod

Henk Bouwman

Ons word gedurig daarmee gekonfronteer dat godsdienste wat vir ons vreemd is, erkenning in die wet en samelewing vir hulle opeis en ook kry. Daaronder is ook die Moslems. Ons sien ook steeds meer moskees onder ons. Die eerste wat mens by die ingang van ‘n moskee opval is 'n fontein of 'n waskom waarin die Moslems hul rituele wassinge moet verrig. Die Islam het dit uit die erediens van die tempel in Jerusalem oorgeneem. Verder is daar maar min in 'n moskee te sien. Daar is meestal 'n plankvloer waarop die Moslems kniel om hul gebede uit te spreek. 'n Moskee is ook nie ‘n kerk nie, maar 'n huis van Gebed. Die enigste versiering wat die Islam daarin toestaan is tekste uit die Koran. Die tekste is partymaal in mooi gevormde letters geskrywe en deur blommotiewe verlewendig. Beelde word egter streng verbied. Allah kan nie afgebeeld word nie en dit moet in die moskee skerp vorentoe kom.

Is hier dan nie ‘n ooreenkoms tussen die Islam en ons gereformeerde erediens nie? Ons laat mos ook geen beelde in die kerk toe en ons eredienste is tog ook sober? Ja dit is so, maar tog is daar 'n diep verskil in die manier waarop ons as christene God vereer en soos die Islamiete Allah vereer. Vir ons is die Here nie maar net 'n verre en hoogverhewe Allah nie. Glad nie. Ons ken ons Here as ons Vader in Jesus Christus, ons Heiland. God is nie ver weg en onbereikbaar nie. God het in Jesus Christus na ons toe gekom, Hy wat die beeld van God is.

Ons kan ook sê, in Christus Jesus sy geliefde Seun vereer ons Hom. In die tweede gebod gaan dit nie net om 'n uiterlike en dorre verering van God soos by die Moslems nie. Nee, dit gaan in hierdie gebod om ons erediens waarin Christus sentraal staan. Daarom bely ons saam met die kategismus: Dat ons God op geen ander manier mag vereer as wat Hy in sy Woord beveel het nie. Daardie Woord het in Jesus Christus vlees geword. Ons word dus in die tweede gebod beveel om God geestelik te vereer.

In die eerste gebod het God as 't ware al die ander gode van voor sy aangesig weggevee. Geen ander gode voor my aangesig nie! In die tweede gebod word die maak van 'n beeld van God verbied. Antwoord 96 van die HK se: Dat ons van God nooit enige afbeelding mag maak nie. Hier moet ons let op hoe sorgvuldig die tweede gebod deur God saamgestel is. Om dit beter te verstaan moet ons, ons aandag vestig op die ou oosterse wêreld van Israel en die omstandighede waarin die volk geleef het. Hulle wêreld het totaal verskil van die wêreld waarin ons vandag lewe.

God het begin deur die maak van 'n gesnede beeld te verbied. Hier moet ons dink aan hoe 'n oosterling met sy afgod besig was. Net soos die profeet Jesaja in hoofstuk 44 dit beskryf het. Die ystersmid het ‘n byl en werk in die gloed. Met hamers vorm hy 'n beeld. Met sy gespierde arm maak hy die beeld. Die timmerman meet met die maatlyn en merk die beeld se buitelyne af. Met beitels bewerk hy dit in die vorm van 'n mens wat in 'n huis moet woon. Ons hoor ook die hoongelag van die profeet, oor die beeld wat met die hand gesny is.

Om dit verder mooi te verstaan moet ons ook kyk na Israel se lewe in Egipte en die land Kanaän waarnatoe hulle op pad was. Met die verlede maak die Here skoonskip en hy waarsku sy volk met die oog op die toekoms. Geen afbeelding maak van wat bo in die hemel is nie. In Egipte is die songod Ra vereer, terwyl ook bepaalde voëls vereer is. Ook van wat op die aarde is mag geen beelde gemaak word nie. In Egipte is die afgod Anoebis as 'n jakkals afgebeeld. Ja, selfs die maak van beelde van wat in die waters onder die aarde is word verbied. Hier het die Here het Hom in sy woorde by die ou oosterse wêreldbeeld aangesluit. Hulle het die aarde plat voorgestel wat op die waters drywe. Die wêreldsee het volgens hulle onder

die aarde deurgeloop. Daaruit mag ons egter geen geografiese werklikheid aflei nie, die Here het in die wet die taal van die volk Israel van daardie dae gespreek. In Egipte is die krokodil vereer, ja daar is selfs mummies van die dier gevind.

God het ook die vereer van Son en Maan, soos Baal en Astarte in Kanaän, verbied. So het die Here met hierdie gebod in die middel van die leefwêreld van sy volk in daardie dae gekom. Juis deur die uitvoerigheid wys God Israel die kern van hierdie gebod. Daarby word ook nog gevoeg: Jy mag jou voor hulle nie neerbuig en hulle nie dien nie.

Tog weet ons van talle voorbeelde waar die volk beelde van God gemaak het. Dink maar aan die goue kalf. Eeue later het dieselfde gebeur, toe Jerobeam die goue kalwers by Dan en Bethel oprig. Hy was 'n dienaar van Salomo, maar het teen sy koning in opstand gekom en na Egipte gevlug. Daar het hy hom verkyk aan die beelde van die Egiptiese gode. Die volk van Egipte kon hulle gode sien.

Ons weet ook hoe die toorn van die Here daarteen ontbrand het. Toe Jerobeam sy arm teen die profeet van die Here uitgestrek het, het sy arm styf geword en die altaar in stukke opgebreek. So het die Here oor die onderhouding van die tweede gebod gewaak. In die verdere geskiedenis van Israel hoor ons steeds weer die duister refrein: 1Konings 16:26 "Hy het naamlik gewandel in al die weë van Jeróbeam, die seun van Nebat, en in sy sondes waarmee hy Israel laat sondig het, om die HERE, die God van Israel, te terg met hulle nietige afgode. " Ja die Here het die sonde teen die tweede gebod swaar aangereken!

Maar waarom het die Here hierdie sonde so swaar gereken? Omdat dit, Israel van die geloof aan die onsigbare en majestueuse God weggetrek het. As ons God kan sien, het ons mos nie meer nodig om te glo nie. Daardie geloof wil die Here ons in die tweede gebod leer.

Abram het uit Ur van die Chaldeërs weggetrek, sonder dat hy geweet het waarheen hy sou gaan. Hy het God nie gesien nie, maar hy het in God se beloftes geglo. Hierdie beloftes het vir ons in ons Heiland, Jesus Christus sigbaar en tasbaar geword. In Hom het God Homself aan ons geopenbaar. Dink aan Johannes 1: 18: "Niemand het ooit God gesien nie; die eniggebore Seun wat in die boesem van die Vader is, dié het Hom verklaar " Of aan die gesprek van ons Heiland met Filippus in Joh. 14. Jesus het vir sy dissipels gesê: "Niemand kom na die Vader toe behalwe deur My nie..... Toe sê Filippus vir Hom: Here toon ons die Vader, en dit is vir ons genoeg. Jesus sê vir hom: Ek is so lankal by julle, en het jy My nie geken nie, Filippus? Hy wat My gesien het, het die Vader gesien. En hoe sê jy: Toon ons die Vader? "

Die hart van ons gehoorsaamheid aan die tweede gebod, lê in Christus. Deur die tweede gebod word ons na die openbaring van God in Jesus Christus gedring. In Kol. 1: 15,16 skryf Paulus: "Hy (Christus) is die Beeld van die onsienlike God, die Eersgeborene van die hele skepping; want in Hom is alle dinge geskape wat in die hemele en op die aarde is, wat sienlik en onsienlik is, trone sowel as heerskappye en owerhede en magte—alle dinge is deur Hom en tot Hom geskape.!" In die lewende mens van vlees en bloed, in Jesus Christus, het God Homself getoon. Uit die Seun straal die heerlikheid van God en Hy is die ewebeeld van die wese van God; Hebr. 1: 3.

So is die gebod ook nog aktueel in ons tyd. O nee, die mens van hierdie tyd maak vir hom geen beeld van God uit steen, hout of metaal nie. Maar is ons nie geneig om met ons verstand `n beeld van God te vorm nie. Word daar nie oor 'n god gepraat wat lief is vir alle mense is nie. Dis nie God wat hulle uitverkies het nie, maar hulle het god gekies.

Ander dink weer aan die God van die verkiesing as 'n klipharde god. 'n God van die noodlot wat jou tref as jy verwerp is. Daar is baie wat so in angs lewe. Hulle glo nie in die barmhartige verkiesing van God, waarmee Hy in Jesus Christus tot ons kom, om ons te troos en te bemoedig nie. Of hulle glo in die god van die mistiek, wat jy diep in jou binnenste moet ervaar. Hulle glo nie in die God wat jy op sy Woord kan vertrou nie.

Ons God is genadig en barmhartig, maar sy majesteit is ook ondeurgrondelik wat oor al die ongeregtigheid van mense in woede ontbrand. So het God Homself in Jesus Christus aan ons geopenbaar. Aan heidene en tollenaars het Hy die evangelie verkondig. Met sy mond het Hy ook die Fariseers en Skrifgeleerdes gegesel. In die prediking van die evangelie kom God na ons toe. Van Hom mag ons nie eiemagtig 'n beeld vorm nie, maar ons sal Hom op sy Woord, die Heilige Skrif glo en dien.

Bron: Preek van Dr R.H. Bremmer

God se toorn en liefde

Ds Nicholson

Inleidende opmerkings
Wanneer daar oor God se toorn en God se liefde gedink word, dan is daar belangrike vrae en antwoorde wat die Heidelbergse Kategismus ons leer in die eerste deel van hierdie belydenisskrif. Dit gaan naamlik oor die ellende van die mens (Sondag 2-4).

Dit is belangrik om kortliks hierna te verwys, want as ons nie die regte agtergrond het waarteen ons oor God se toorn en oor God se liefde kan praat nie, dan sal ons die hele saak nie reg verstaan nie.

Ons leer dat ons van nature geneig is om God en ons naaste te haat (HK, So 2, antw. 5). Hierdie neiging tot haat is nie God se skuld nie, maar die mens se eie toedoen. God self het die mens goed geskape, maar tog kan God nie toesien dat die ongehoorsaamheid en sonde van die mens ongestraf verbygaan nie. Daarom moet die sonde gestraf word. Maar nou kom die vraag na vore: Wat van God se liefde? Hoe staan God se toorn en sy liefde in verband met mekaar?

God het die mens goed geskape
In vraag en antwoord ses (HK, So 3) is dit duidelik dat God nie die mens sondig en verkeerd geskape het nie, maar goed, na Sy beeld. Hierdie goed hou in dat die mens in ware geregtigheid en heiligheid geskape is (Efes. 4:24). Die mens kon God, sy Skepper reg ken, van harte liefhê en in ewige geluk met God saamleef en om Hom loof en prys.

Die geregtigheid en heiligheid was deel van die mens en dit was by hom ingeskape en so deel van sy natuur. Hy was nie besmet of besoedel met sonde nie. Hy was heilig in alles wat hy gedoen het. Hy kon God van harte liefhê. Wanneer ons in Gen. 1:31 lees wat God van die mens sê toe Hy hom klaar gemaak het, dan staan daar: "Toe sien God alles wat Hy gemaak het, en – dit was baie goed."

Dit is dus duidelik volgens die Bybel en die Kategismus dat ons nie die skuld vir die sonde by die mens aan God kan toeskryf nie. Wie is dan verantwoordelik vir die sonde?

Die mens verval in sonde
In vraag en antwoord sewe (HK, So 3) leer ons dat die verdorwe natuur van die mens die gevolg is van Adam en Eva se ongehoorsaamheid in die paradys. Deur hulle toedoen het ons natuur verdorwe geraak sodat ons almal in sonde ontvang en gebore word. Die val van die mens in sonde word vir ons duidelik weergegee in Gen. 3:1-13. As gevolg van die sonde is selfs die aarde vervloek (Gen.3:17).

Die mens het baie hoog gestaan as beelddraer van God, maar deur sy eie ongehoorsaamheid het hy homself in die diepte van die sonde gestort en het hy sodoende sy nakomelinge ook in die verdoemenis laat beland. Daarom sê Dawid tereg: "Kyk, in ongeregtigheid is ek gebore, en in sonde het my moeder my ontvang." Van die mens word daar nou gesê dat daar deur die een mens die sonde in die wêreld gekom het en deur die sonde die dood, sodat die dood deurgedring het tot alle mense, want almal het gesondig (vgl. Rom. 5:12).

Ons het almal deel aan erfsonde (Nederlandse Geloofsbelydenis Artikel 15) en moet dus erken soos Rom. 3:10 dit stel: "Daar is niemand regverdig nie, selfs nie een nie."

Die straf van die sonde: God se toorn
'n Belangrike vraag is nou vraag tien (HK, So. 4). Wil God hierdie ongehoorsaamheid en afval ongestraf laat bly? Die antwoord is 'n duidelike nee! God se toorn is verskriklik. Hierdie toorn is

nie ’n woeste, onbeteulde woede nie, maar dit is ’n allerheiligste afkeer van die sonde.

God se toorn kom oor die erfsonde sowel as die sonde wat ons elke dag self doen. Hierdie sondes wil God tydelik en ewig met sy regverdige oordeel straf, aan liggaam en aan siel.
Deur die sondes kom die mens by God in die skuld. Die skuld word elke dag nog groter deur meer sondes en vervreem ons verder van God. Hierdie sonde bring lyding mee. Die aarde is vervloek en die mens se dade is boos. Honger, kommer, siekte en lyding is nou deel van die mens se lewe.

Behalwe vir aarse lyding, volg ook die liggaamlike dood. Stof is ons en tot stof sal ons terugkeer (Gen. 3;19). Dan is daar verder die ewige straf in die hel, die geestelike dood, waar alle goedertierenheid en genade van God sal ontbreek.

Die vergifnis van sonde: God se barmhartigheid
Die vraag wat op vraag en antwoord tien volg is nou die vraag na God se liefde. Is God dan nie ook barmhartig nie (HK, So 4, vr. en antw. 11)? Die antwoord is duidelik. God is wel barmhartig, maar Hy is ook regverdig.

Alhoewel ons volgens God se regverdige oordeel die tydelike en ewige straf verdien, wil die Kategismus in vraag twaalf (HK, So 5) weet of ons van hierdie straf bevry kan word en of ons weer in genade aangeneem kan word. Ons kan wel, deurdat daar ’n tussenganger (middelaar) vir ons sondes betaal. Die blye nuus is dat daar wel so ’n middelaar te vinde is. Hierdie middelaar is ons Here Jesus Christus (HK, So 6, vr.en antw. 18).

Maar nie almal word weer deur Christus salig soos hulle deur Adam verlore gegaan het nie. Net diegene wat deur ’n ware geloof in Christus ingelyf word, en al sy weldade aanneem, sal gered word. God bewys derhalwe sy liefde aan ons deurdat Hy sy Seun (die Middelaar) aan ons gegee het om in ons plek te sterf en vir ons sondes te betaal.

Ons gevolgtrekking
Wat ons dus duidelik sien is dat God alle reg daartoe het om alle sondes te straf met die dood. Daar is dus diegene wat nie hul sondes wil bely en wil erken dat hulle verdoem is nie. Hulle sal die volle toorn van God se geregtigheid ervaar.

Aan die ander kant is daar wel God se liefde en genade wat ons in Sy Seun Jesus Christus vind. Aan almal wat hul toevlug tot Jesus Christus neem en wat Sy offer aan die kruis aanvaar, die sonde aflê en hul bekeer, aan hulle word daar uit louter genade, sonder enige verdienste van die mens se kant, vergifnis deur die bloed van Christus geskenk. Deur die vertroue in Jesus te stel, in Hom te glo as die enigste Verlosser en Saligmaker, kan die mens weer deel kry aan die ewige lewe.



Give God what’s right – not what’s left

Voel jy ook so?

'Practice what you preach'

Mariëtte Bron

Wees eerlik - met God, met die mense om jou, met jouself. Wees eerlik in dit wat jy doen, dink, selfs skryf…
Ek wil graag terugkom op die tema van vorige maand se uitgawe: EERLIKHEID.

Die onderwerp is veel wyer as wat ons besef, en baie meer toepaslik op ons DAAGLIKSE lewe as wat ons wil voorgee.

Het jy al gepetrus?

So staan ek een aand in 'n bondel mense. Alkohol-vriendelike ouens. En die manne praat en lag en skink en vertel en grap. Skoon en minder skoon deurmekaar. En die manne jirre en jissus en koot en goot. Hoor niemand dit nie? Hoor net ek dit? Maar, van jirre en jis en sulke woorde weet ek niks. Is ek dan die enigste dom ou hier?

En as jy van sulke dinge weet, dan sê jy dit darem nie hier nie. Ek bly eerder stil en raak al stiller en hoop iemand vra dan uit oor my stilte. Toe iemand uiteindelik vra, is jou stilte sommer niks.

Maar êrens in my eie gewete hoor ek 'n haan kraai en ek hoop ek kan weg wees voor hy drie keer kraai.

('n onbekende skrywer)

Klink dit nie soort-van 'bekend' nie?

Ons is Christene, daaroor stem ons almal saam. Ons is VGK-ers , en daarmee saam glo ons almal (hopelik) dat ons in die ware kerk is. Maar is dit waar dit stop? Kan ons nou maar daai naamplaatjie van 'VGK' aan ons hemp vasspeld ,en dink: "nou's ons *fine"…*? Kan ons nou maar verder doen wat ons wil??

Leef ons ons Christenskap ook uit soos wat Christus dit van ons vra? Of reken ons nie te dikwels dat 'n halwe hart wel voldoende is nie?

Dit gaan onder andere oor dit wat jy doen, plekke waar jy rondhang, dinge waaroor jy maar liewer stil bly – anders word jy verwerp deur jou 'vriendekring', en nog oor baie meer. Dit gaan oor **eerlikheid**, meer as dit.

Dit gaan oor opstaan vir Christus se Naam - al beteken dit dat jy moet uitstap by die fliek, en dus so geld mors. Dis JOU GOD se Naam wat misbruik word, *obviously* gee die ander mense nie veel daarvoor om nie. Het ons nog die *means* om vir SY Naam op te staan?

Dit gaan oor plekke waar jy rondhang. Hoort 'n Christen bv. in 'n plek soos G4s/Dropzone of eerder in 'n plek soos Mug and Bean/die ysskaatsbaan? Laasgenoemde is miskien *boring*, maar ja, as dit *boring* genoem word, behoort daar al klaar vraagtekens rond te spring…. Wanneer is iets *boring* ? Kan Christus daar instap waar jy jou bevind? Of sal jy jou kop dan eerder onder die naaste tafeltjie wil indruk?

Dit gaan oor jou mond oopmaak oor dinge wat ander doen waarmee mens soms nie saamstem nie. Ons het 'n verantwoordelikheid, **ook** teenoor mekaar. Daar is mense wat sê die jeug (ek veralgemeniseer nou) is *great* – daar is niks/nie veel fout met ons nie… Is dit so??? Kan ons ook eerlik wees in hierdie antwoord? Weereens – eerlikheid in ALLES wat ons doen. Ook in wat jy nou op hierdie oomblik dink.

Die jeug weet wat onder die jeug aangaan. Ouers is dalk nie altyd bewus van wat in die jeug aangaan in terme van wat ons doen, by watse soort plekke ons uithang, ens nie. Ek wil nie 'n algemene negatiewe indruk skep van die jeug nie - daar is definitief ook genoeg positiewe punte. Maar kom ons wees eerlik: ons kan nie anders as om te erken dat daar ook dinge is wat glad nie so lekker en positief is nie.

Punt is – Ons is almal sondige mense, doen sondige dinge. Maar ons moet tog probeer om sover moontlik , **die sonde veral nie op te soek nie**.

Daar staan nie verniet in die Bybel dat Jesus vir sy dissipels sê: **"As iemand agter My aan wil kom, moet hy homself verloën, sy kruis opneem en My volg."** (Matteus 16:24) en **"Maar hom wat My voor die mense verloën, sal Ek ook verloën voor my Vader wat in die hemel is."** (Matteus 10:33)

"Wees heilig, want Ek is Heilig." (1 Pet 1:15,16) … Of is dit nie op ons van toepassing nie?

Dit help nie om te **sê** ons is Christene nie; ons moet ook **maak** en **doen** soos Christene. Mens kan mos nie iets sê, en iets anders doen nie?

***'Practise what you preach'* –** dis 'n les vir elkeen van ons sondige mense. Hoog tyd dat ons dit begin toepas.

Straf God dadelik jou sondes?

Liefdevolle / toornige God?

Anneli van der Hout

"Toe sien Jesus 'n man wat vanaf sy geboorte blind was. Sy dissipels vra Hom toe: "Rabbi, deur wie se sonde is dit dat die man blind gebore is: sy eie of sy ouers s'n ?" En Jesus antwoord: Dit is nie deur sy eie sondes nie en ook nie deur sy ouers s'n nie, maar hy is blind sodat die werke wat God doen, in hom gesien sal kan word."…

Sommige mense het hulle mond vol oor die liefde van God, en wil niks van die geregtigheid van God weet nie. So het mense ook 'n teenstelling tussen die Ou en Nuwe Testament gesien. Eersgenoemde is vol van die wrekende geregtigheid van God en laasgenoemde Sy liefde, maar hierdie teenstelling bestaan nie. Wie die Bybel ken, weet naamlik dat die geregtigheid en liefde van God een is.

Ons almal het kragte en gawes van God ontvang om in diens van ons Skepper te gebruik. Indien die gawes in diens van die Satan gebruik word, is dit sonde. Wanneer iemand sondig, word die krag en gawes wat God aan hom gegee verkeerdelik gebruik. Die sonde word dus met die krag en gawes wat God aan die mens verleen het gepleeg. Die motiewe kom egter uit die sondaar self voort. Die straf op ons sonde is so erg, dat selfs "ons kinders in sonde ontvang en gebore is en daarom kinders van die toorn is, sodat hulle in die ryk van God nie kan inkom nie, tensy hulle weergebore word".

God het die mens gewaarsku dat Hy hom sou straf indien hy die proefgebod oortree: "Die dag as jy daarvan eet, sal jy sekerlik sterwe." Tog is die straf nie dadelik voltrek nie. Adam en Eva het nie op dieselfde oomblik gesterf nie. Hierin sien ons God se lankmoedigheid en genade teenoor sondaars, asook sy regverdigheid in die handhawing van Homself teenoor die sonde. Eerder as om die sonde ongestraf te laat bly, het Hy sy eie Seun gestraf.

Ook die lyding wat in die wêreld gevind word, is straf op die sonde. Reeds in die Paradys het God gesê dat die man in die sweet van sy aangesig brood sal eet, dat die vrou met smart kinders sal baar en dat daar stryd tussen die heilige en onheilige geslagte sal wees. Dink ook aan al die moeite, teleurstellings, droogtes, armoede en siektes…die gevolge van die sonde is groot! Tog mag ons nie elke lydensweg as straf op ons persoonlike sondes sien nie. Die drie vriende van Job het verkeerdelik geoordeel dat elke mens die bewerker van sy eie geluk of ongeluk is. Selfs die dissipels het, toe hulle 'n blindgebore man gesien het, aan Jesus die vraag gestel: "Wie het gesondig: hierdie man of sy ouers?" Dan antwoord Jesus dat nog hy nog sy ouers gesondig het, maar dat dit tot

verheerliking van God gebeur het. Tog is daar ook bepaalde sondes wat direkte ernstige gevolge kan hê, soos byvoorbeeld die sondes van dronkenskap, luiheid, verslawing en hoerery. Daar is op aarde baie lyding wat met persoonlike sondes in verband staan.

"Barmhartig en genadig is die Here, lankmoedig en groot van goedertierenheid." Sy goedheid openbaar hom dus ook as lankmoedigheid. In die woord *lankmoedig* sit die woord *lank*. Dit duur soms baie lank voor God die sondaars straf. God stel die straf uit om die sondaar die volle verantwoordelikheid te gee langs die weg van verharding. Ook is God lankmoedig, omdat Hy geleentheid tot bekering bied. Uitstel van straf bring sommige tot verharding en ander tot bekering. Die werk van God se genade word daarin openbaar, dat ons kan sê: Dit was vir my goed gewees om verdruk te word.

Ek wil graag afsluit met die woorde van psalm 38 vers 1:

"Straf tog nie in ongenade
my misdade,
Heer, verdra my met geduld.
Wil tog nie in toorn ontsteek nie
en U wreek nie
op my sonde en sondeskuld"

Bron: Leer en lewe (Ds. J.G. Feenstra)

Die klop aan jou deur

Dis 'n bewolkte koue middag en die reen stort aanhoudend neer. Ek voel goed bedroef vandag. Ek is alleen by die huis en die spoke van die verlede maal deur my gedagtes. Skielik skrik ek op uit my mymering toe daar 'n klop aan my deur is...

Dis 'n vriendelike jong man wat sê dat hy net 'n rukkie met my wil gesels oor sy Here. Ek kan voel dat hierdie man iemand is wat in my as 'n persoon belangstel en vriende met my sal kan wees. Vriendelik nooi ek hom binne en laat hom sit. Hy haal sy Bybel uit 'n tas en daarmee saam 'n paar brosjures. Hy praat met my oor sy geloof en sy oortuigings. Hy praat my kop deurmekaar en laat my wonder of my geloof die waarheid is. Sy geloof klink so wonderlik. Alles klink so liefdevol en dis iets wat ek verskriklik baie mis by my eie kerkmense. Terwyl hy praat voel dit asof die dag bietjie helderder word en my gemoed ligter! Hierdie man het werklik 'n gawe om te praat, maar wat my die meeste oortuig is dat sy geloof uit hom straal. Ja, hy het iewers hier diep binne-in my 'n saadjie geplant en net daar en dan besluit ek dat ek graag meer van sy geloof wil weet en graag ook 'n keer saam hom na hul samekomste sal wil gaan.

Dis maar net een van die mees kenmerkende voorbeelde van wat 'n Jehova getuie kan aanrig in mense se lewens. Hulle praat jou kop vol snert wat reg klink. Daardeur plant hulle 'n saadjie van twyfel in jou hart. Alles wat hulle glo bewys hulle uit die Bybel- die New World Translation. Dit is 'n spesiale vertaling wat 'probleem gedeeltes' so vertaal het dat dit nie met hul sienings bots nie. 'n Voorbeeld hiervan is 'n teks wat in 'ons' Bybel so lui: "Want daar is drie wat getuig in die hemel: die Vader, die Woord en die Heilige Gees, en hierdie drie is een ..." In die NWT Bybel is dit so vertaal: "Daar is drie wat getuig."

Elke getuie word as profeet beskou wat sy/haar saligheid verdien deur van deur tot deur te gaan en met mense te praat. Hulle aanvaar die bybel maar sê dat hulle geskrifte meer waarde het as die bybel. Hulle aanvaar nie die drie-eenheid nie, sien Christus slegs as 'n profeet en glo dat die Ou Testament baie belanriker is as die Nuwe Testament. Hulle glo aan 'n oorgangs tydperk (Ps 110:1-2 en Opb 12:7-12) en dat Jesus weer terug aarde toe gekom het in die tyd. Volgens hulle het dit ongeveer in 1914 aangebreek en is dit nou die tyd van die Duisendjarige ryk. Verder glo hulle dat net 144 000 van hulle verkies word om na hul sterwe in die hemel te gaan woon. Die res van hulle wat glo, sal op die aarde bly.

Hulle bewys hulle onkunde juis deurdat hulle glo dat die enigste aanspreek vorm vir die Here Jehovah is. Vroeër het daar egter nooit so 'n woord onder die Jode bestaan nie, dit was Jahweh.

Die vraag is nou hoe ons sulke mense moet behandel. Ons kan dit doen deur hulle weg te stuur op grond van wat in 2 Joh: 10 staan: "As iemand na julle kom en hierdie leer nie bring

nie, ontvang hom nie in die huis nie en groet hom nie."

Ons kan hulle ook vriendelik in ons huise nooi en van Christus getuig. Ons het die lig en die duisternis kan dit nie oorweldig nie! As jy dit doen ,moet 'n paar dinge onthou word:

- Moenie beledigend wees nie
- Moenie met hom argumenteer nie(Titus 3:9). So neem jy juis die wind uit sy seile. As hy 'n teks aanhaal laat julle dan die hele hoofstuk lees wat dan gewoonlik die teks sal verklaar. Ons moet onthou dat ons hom met die woord van God moet oortuig
- Moenie oor onbelangrike dinge praat nie, maar getuig van Jesus!
- Moenie hulle bybel gebruik nie.
- Wanneer 2 Jehova getuies kom, praat en vra vrae vir die een wat die minste sê omdat hy moontlik 'n nuweling is en besig is om opgelei te word
- Wanneer daar 'n tweede en derde besoek gebring word, moet jy die leiding oorneem en weer oor Jesus praat.
- Vra hom vir sy adres. Dit sal hom op die verdediging plaas. Sê vir hom jy wil dit hê omdat hy nou al 2 besoeke aan jou gebring het en dat dit jou beurt is hom te besoek.
- Moenie hulle pamflette en brosjures aanvaar nie, dit breek hulle selfvertroue.
- Onthou dat die mense eintlik baie eensaam is omdat hulle altyd vriendelik en positief moet wees. Daarom kan hulle met niemand oor hulle hartseer praat nie. Hulle is immers nie veronderstel om hartseer te wees nie.

Ons moet altyd voorbereid wees op die dag wanneer daar 'n klop aan ons deure kan wees. Beskou die besoek van 'n Jehova getuie as 'n geleentheid om van jou redding deur Jesus Christus te getuig. Indien dit blyk dat dit nie moontlik is nie en hulle nie wil luister nie, moet jy hulle liewers vra om jou nie weer te besoek nie. Moet egter nie ophou om te bid dat die Here hule oë sal oopmaak nie, want hulle is in 'n knellende slawerny vasgevang en hul ywer vir hule eie saligheid.

Uit die mond van die suigeling

Wat is jou mees onlangse "life-changing experience"?

Johan: Dat ek aan die begin van die jaar uiteindelik vir 'n slag begin werk het...

Elisabeth: Die dag toe ek 'n half geplukte voël onder my sorg gekry het. (Die voël, wat luister na die naam Diki, het van stress homself begin pluk. Elisabeth het toe die voël onder haar sorg gekry. Uit die aard van die saak lyk die voël baie beter en is nog maar net drie kwart gepluk.)

Ben: Die dag toe ek Suid-Afrika sien krieket speel het.

Pieter: Dit was so week of twee gelede, ons het Katkisasie gehad. Toe, skielik uit die bloute uit, antwoord Bert van der Hout 'n vraag wat deur Dominee aan hom gevra is. What a Shocker!

Marlize: Toe ek uitgevind het dat ek 'n breintumor het.

Fijma: Ek is legal (18).

Anneli: Dat ek vir my license gegaan het... en dis ook lifechanging vir die res van die wêreld!

Voetspore

Geliefdes,

Te midde van struwelinge op die Noordwes en Gauteng grensgebied het die jeug van die VGK kalm gebly. Almal was voor Sondag tuis, daar is lekker warm sjokolademelk gedrink in elkeen se onderskeie binnekamers en die Sondag is ingevul met 'n kort, maar deeglike bespreking van die preek, waarna daar 'n Sondagmiddagslapie ingelas is, sodat die aanddiens met volle konsentrasie bygewoon kon word. In die agtergrond het Thunderstruck van ACDC rus verskaf. Die lewe is in perfekte harmonie.

MAARRRRRR...Moenie te houtgerus raak nie! Want, jongens en meisjes, rus bestaan nie! Nie as daar steeds mense van verre vieze landen en ander plekke opdaag nie. Hieroor sal hierdie tesis hoofsaaklik gaan.

Ons begin by Ze Ladies. Ze Ladies from ze Cape. Ons regering het dit goed geag om 'n paar vakansiedae in te las in die jaarprogram, sodat Henriëtte Geleijnse (jaaaa, jy kan dit al raai, Frans se sussie!), Fijma Eefting (jaaaa, jy kan dit al raai, nie Frans se sussie nie!) en Mulder (jaaaa, jy kan dit al raai, mens spreek nog steeds haar naam uit terwyl jy hoes) ons kon kom visit. Wat 'n fees, ouens! Vryheidsdag is 'n fees. Hiermee gedenk ons 'n klompie jare se demokrasie. Demokrasie het iets te doen met appels of so. Maar ons gedenk dit hoor! En demokrasie sal niks wees sonder een somatologie student en twee matrikulante nie. Daarom was dit nogals lekker dat Frans se sussie, nie Frans se sussie nie en 'n naam wat jy uitspreek terwyl jy hoes, hier was. Toe Frans se sussie en nie Frans se sussie nie in Pretoria voet aan wal sit, sit Graeme Smith juis sy been voor sy paaltjie teen Australië, en help Suid Afrika na die fantastiese 149 almal uit score. Hierdie event is met opgewondenheid betrag by die sokkerclub. Die opgewondenheid het spoedig verander in nog groter opgewondenheid, want toe het Frans se sussie en nie Frans se sussie nie daar ingestap. Vergete was die bene voor paaltjies, die match-fixing (al het ol' Graeme nie daarvan vergeet nie, oooooh nee!) en onse eie knuffelneger Makhaya Ntini se kontroversiële weglating uit die span: almal was weer happy! Want, toe Frans se sussie en nie Frans se sussie nie daar instap, het Herman Bosker juis last rounds gepiep met sy remote en het ons geweet ons kan weer rus vind in ons warm bedjie. En ons het geweet dat ons nog net een naggie hoef te slaap dan kom Mulder. En dan kan ons weer haar naam sê terwyl ons hoes.

Ongeveer op dieselfde moment het die jaarlikse migrasie van die blouwildebeeste plaasgevind. Dit is 'n bekende metafoor vir die intog van die PABO-studente in Ciara Lodge. Net gou ter voorligting wil ek 'n paar terme opklaar, sodat u van nou af weet waaroor ek praat.
PABO: Onderwys-opleiding. Studente van hierdie opleiding hou van knutsel, Winnie de Pooh (Henrike Ros, sit stil, nie almal hoef te sien jy is opgewonde nie!) en vakliteratuur geskryf deur Jetze Baas.
Ciara Lodge: Bekostigbare self-catering woongeriewe naby die Hotel 224 en naby aan Albie (laasgenoemde sorg vir geweldige aanvraag na bekostigbare self-catering woongeriewe vanweë sy charms en Lego-collection)
Wil: Dis as iemand iets beoog om te doen.
Metafoor: Gaan lees die HAT, idiot!
Goed, back to the point. Die Nederlanders is hier. Nou vir hulle name, asook 'n kort beskrywing van hulle eienskappe, 'n psigo-analitiese bespreking en so meer. Hier volg die kennismaking:
Eline van de Vegte: Sy is 19 jaar oud, en stel haar voor as: "Eline, ik ben aardig". Daardeur laat sy mens dink aan 'n Teletubby. Maar sy is nie groen nie. Sy wil bruin word, maar sukkel vanweë ons UV-son.
Sabine Wezenberg: As Sabine McDonalds toe gaan (en Nederlanders gaan gereëld, want 'n Big Mac kos "hier alleen maar 1 Eurocent", dan vra sy altyd of sy 'n "Cheesebugeg" mag kry. Dit kos naamlik maar 0.5 Eurocent, en Sabine kry nie sóveel AOW nie.
Jellie Juffer: Hmmmm, hoekom dink ek nou aan 'n verfrissende nagereg?
Tieneke Westendorp: Tieneke is mal oor Smoothies, en daarom oefen sy op gereëlde basis om dit reg uit te spreek. Smoesie...hmmm nee...Smoetie...Ag...Smoefie...
Luther Hartog: Luther is manlik en deur sy Spakenburgse ouers vernoem na een of ander kerkvader. Ek weet nie meer presies na wie nie, maar ek dink na Johannes Calvyn. Of wag...Nee tog wel, dit is Johannes Calvyn, hy het dit my in 'n onderonsje nog toegefluister.

Esther Huizenga: Well, she got sandy blonde hair. Sy is nogals goed met extreme sports soos Pool.
Marion van der Linde: Hierdie dame stel baie belang in ons politieke situasie, maar nie in Nederland s'n nie. Terwyl by ons altyd dieselfde "span" wen (nes die krieket World Cup)! Verder het Marion die doel voor oë om elke badkamer in die land te besoek.

Dit was nou 'n kennismaking met 2007 se stagelopers. Deurdat hulle hier is, besoek ons inboorlinge nou ook gereëld Ciara Lodge, want die Nederlanders het die geweldige game "Weerwolven" saamgevat. 'n Spel vol intrige en spanning. So erg, dat die ander gaste van Ciara Lodge nie kan slaap as dit volmaan is nie.

Julle kan sien dat daar nie vir ons ook maar een druppeltjie rus gegun word nie. Net toe ons dink ons kan settle en aangaan met ons lewe, toe kom Ds. Nicholson en praat oor sy sendingswerk. Wéér spanning en intrige!

En dis nog nie eers al nie. Sonder al te veel voorbereiding, kom die Derick Hougaard Look-a-likee of Derick Hougaard Look-a-likee's, Martin Kamphuis, op 'n Sondagoggend by die kerk ingestap. Die hele gemeente begin toe Bles Bridges se life-changing treffer "Liefling! Kan ons mekaar vergeet en vergewe" op sy Geneefse wysie sing, terwyl André de Vente lustig improviseer op die orrel. Terwyl die note wegsyfer in die koel lug, en die ontroerings-trane rol oor die cool wange, kom een of ander slimmerd agter dit is al die pad Martin Kamphuis. Nog groter blydskap! Veral by Tante Ina Kamphuis, want Martin kan lekker elke Saterdag in die tuin werskaf. Sommer vir drie maande lank. Ronald is ook bly, want dan kan hy lekker nóg langer in sy bed bly lê – sommer drie maande lank. En Hilde is bly, want Martin is haar ouer broer waarby sy nog baie kan leer oor die lewe. En Anja is bly, want dis haar 2-minuut jonger broer, en sy kan nog baie vir hom leer oor die lewe, wat hy dan weer vir Hilde kan leer.

Nou wonder julle almal seker hoekom kom al hierdie mense die hele tyd na ons ou Snor-stad? Ek kan vir julle die antwoord gee. Hulle kom vanweë ons bloeiende jeugvereniging. Hulle wil ook weet wat elke vers in die Bybel vir ons vandag beteken, en waar is 'n beter plek as in die kombuissaal, groot saal, katkisasielokaal of personeelkamer?

Op hierdie hoë noot in D-mineur sluit ek af met die woorde van Tieneke Huizenga (dis nou nog steeds een van die stagelopers):
"Smoetie, Smoesie, Smoefie. Der ar trie wartoks end wan hors on die urf".

Groete
Voetspoor.

Die Jeug van die VGK Johannesburg benodig julle hulp!



Ons het julle nodig om een van 800 dakteëls te borg wat broodnodig is vir die opbou van ons pastorie.

Elke dakteël kan geborg word teen R50.
Die teëls is 300 mm breed en 1700 mm lank.

Indien julle belangstel om te help kan julle R50 (of meer, afhangende van die hoeveelheid dakteëls wat u borg) deponeer in die bankrekening van die penningmeester van JV Sola Fide Jhb.

Die besonderhede is:
·Begunstigde: G. E. Howell
·FNB SMART Account: Nr. 6211 933 2667
·Takkode: 251 141 (Clearwater)
·Gebruik asseblief die volgende verwysing: DT + jou naam (bv. DT Piet Pieterse)

Indien u 'n ander tipe donasie wil maak ten bate van die opbou van ons pastorie kontak asseblief Glenn Howell (072 122 5912 of glennhowell@myshowroom.co.za)

As jy uit is, of tuis, of waar jy verkeer,
Onthou, jy is onder die Oog van die Heer.

En wat jy ook dink in blydskap of wee,
Deel al jou gedagtes aan Jesus ook mee,
As jy hard praat of fluister in iemand se oor:
Sê altyd net alles, wat Jesus mag hoor.

As jy iets skrywe in driftige gees,
Kyk goed deur, of Jesus maar alles mag lees.
En al wat jy sing in jou hoogste genot,
Sing altyd net alles behaaglik voor God.

As jy iets lees, somtyds baie interessant,
Maak seker, jy is aan die veilige kant,
Sodat jy nie sal skrik, as Jesus miskien
Heel onverwags sê: "Gee, laat ek jou boek sien."

Gaan altyd net daar in jou werk of plesier
Waar God maar kan vra:
"My kind, wat maak jy hier?"
En as jy iets teëkom wat twyfel verwek,
Dink net wat Jesus sou doen in jou plek.

In jou tydkorting, in jou bedryf,
In jeugdige dae, of ouderdom styf,
Gee pad vir plesier waar jy jou sal skaam;
As God jou sou vra:
"O, deel jy ook hier saam?"

- onbekend

Kerktoon

copyright Alex van Houwelingen

Verjaarsdae

Junie 2007

Bethal

Charl Coetzee	7-Jun
Toinette Coetzee	23-Jun

Johannesburg

Klarisse Anholts	19-Jun
Max Boessenkool	20-Jun

Kaapstad

Heléne Hofsink	2-Jun
Nicolette du Plessis	6-Jun
Wynand Breytenbach	13-Jun
Marcel du Plessis	19-Jun
Melissa Nicholson	23-Jun
Bert Mars	27-Jun

Maranata

Marlene de Vente	5-Jun
Nicky Trollip	12-Jun
Egbert Kampman	22-Jun

Pretoria

Hilde Kamphuis	2-Jun
Willem de Jager	3-Jun
Marius Bijker	9-Jun
Lieze Bron	9-Jun
Gerrit Bron	11-Jun
Mariëtte Bron	11-Jun
Jesca van der Lugt	13-Jun
Marie-Louise vd Bout	14-Jun